**Maandag 2 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 1:18-25; HK Sondag 11, Vraag 29**
**Fokusgedeelte: Matteus 1:21**

## Jesus en ons sondes

As die engel aan Josef sê dat hy die Kind wat uit Maria gebore gaan word, *Jesus* moet noem, dui hy die rede daarvoor soos volg aan: "... *want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.*" Daardeur wys die engel op die verwoestende werking en ernstige gevolge van die sonde in die lewe van die mens. Wat die engel sê, kom dus daarop neer dat die Kind wat gebore gaan word, nie Jesus genoem sou word as daar geen verwoesting en ontreddering deur die sonde in hierdie wêreld gewees het nie. Daarom is daar geen ander naam in die hemel en op die aarde waardeur die sonde van die mens so sterk beklemtoon word as juis die Naam *Jesus* nie.

As ons met die Naam Jesus gekonfronteer word, stel dit ons voor die onomstootbare feit dat ons ellendige, doemwaardige sondaars is wat van nature dood is in sondes en misdade (Ef. 2:1). As ons hierdie Naam reg verstaan, ontbloot dit ons hoogmoed en verwaandheid en laat dit ons besef dat ons in onsself skuldige oortreders van God se wet is. Dit ruk die mooi opgesmukte kleed van 'n ordentlike lewe voor ander mense van ons af en toon onbetwisbaar aan dat ons van nature as wetsoortreders en aangeklaagdes voor God staan.

Die Naam Jesus, Verlosser van sondes, sê verder aan ons dat op die bodem van alle vraagstukke en probleme in hierdie wêreld die sonde as vernaamste skuld van die mensheid lê. Die korrupsie en verval, die ellende en lyding wat so baie mense ervaar, vind sy diepste oorsaak nie in politieke, sosiale, staatkundige of ekonomiese omstandighede nie, maar in die verbys-terende realiteit van die sonde.

Nou verkondig die Naam Jesus egter ook aan ons dat Hy, ons Heiland, gekom het om die verwoestende werk van die sonde te stuit en te breek. Nog meer: Jesus het kom doen wat sy Naam beteken, naamlik om diegene wat Hom in die geloof as Verlosser aanneem, inderdaad te verlos van hulle skuld en sonde en hulle te laat lewe in die vryheid wat hulle van Jesus gekry het (Gal. 5:1). Daarom is daar van al die name waarmee ons Heiland genoem word, seker nie een wat in die ore van die skuldige sondaar mooier klink as die Naam Jesus nie, want in hierdie Naam is die hele evangelie kort en kern-agtig saamgevat. Jesus beteken Verlosser, en dit is tog die hele inhoud van die evangelie: dat Christus Jesus in hierdie wêreld gekom het om sondaars te verlos (1 Tim. 1:15).